

DIE EKONOMIE VAN APARTHEID

Hoekom sal jy dim sum in Transkei wil eet?

In 'n nuwe boek oor die ontwikkeling van die ekonomie ontleed prof. Johan Fourie die wortel van en redes vir welvaart, die ewigdurende stryd tussen geleenthede ontgin en uitbuiting en waarom die bouers van die samelewing pleks van die struikrowers uiteindelik sal seëvier.

In Desember 1932, in die middel van 'n ernstige resessie, het Suid-Afrika die goudstandaard verlaat. Brittanje het dit die vorige jaar verlaat, maar 'n politieke stryd binne die Suid-Afrikaanse regering het 'n vertraging veroorsaak wat die ekonomie baie skade berokken het.

Die besluit om dit te verlaat, het onmiddellik 'n uitwerking gehad. Pleks daarvan dat die geldeenheid deur goud gesteun is, het die Suid-Afrikaanse pond gedepresieer, wat Suid-Afrikaanse uitvoerprodukte aanlokliker vir buitelandse kopers gemaak het.

Dit het veral goudmynmaatskappye 'n groot hupstoot gegee.

Goudpryse het vinnig gestyg en meer goud is gemyn, wat die vraag na insette en werkers verhoog het. Staatsinkomste het aansienlik verhoog. Net drie jaar later, in 1936, kon die Johannesburgse munisipaliteit met die bou van die South-Western Townships, oftewel Soweto, begin, gesteun deur hierdie meevaller uit die mynbedryf.

Hierdie mynboumeevallers – wins vir aandeelhouders en belasting vir die regering – het van een belangrike faktor afgehang: Die betaling van baie klein lone. Loongeskille was die hoofrede dat mynbase en wit vakverbonde dik-

wels koppe gestamp het. Laasgenoemde wou hê hul lede moes 'n “beskaafde” loon betaal word. Wit mynwerkers se lone was inderdaad van die hoogste ter wêreld, enersyds weens die hoë lewenskoste in Johannesburg en andersyds vanweë hul politieke belang as kiesers.

Een manier waarop wit vakverbonde en hul politieke ondersteuners daarin geslaag het om lone hoog te hou, was om wetgewing bekend as die kleurslagboom in te stel. Daarvolgens is poste wat as “geskool” of “halfgeskool” geklassifiseer is, net vir wit werkers gereserveer.

Mynbase het gedurig na maniere gesoek om die betaling van hierdie hoë lone te vermy. Een daarvan was om bloot meer swart werkers aan te stel. **Een bekommernis van die mynbase was egter dat die lok van meer swart werkers na die stede sou beteken dat daar minder werkers op plase sou wees.**

Dit sou tot hoër pryse vir stapelvoedsel, soos mieliemeel en brood, lei, wat tot eise vir hoër lone op die myne sou lei.

Die aanstel van swart Suid-Afrikaanse werkers kon dus teenproduktief wees. Die “goudmielie-alliansie” tussen mynbase en boere het verseker dat myne nie werkers sou lok uit die selfde arbeidsopvanggebied as waarop boere staatgemaak het nie.

Die plan om grensnywerhede naby tuislande, soos Transkei, te begin om ongeskoolde arbeid in bedwang te hou, het grootliks misluk. Daar was skaars uitsonderings, en in 'n stadium was Transkei die wêreld se grootste vervaardiger van eetstokkies.

FOTO: THEUNS BOTHA



DIE PAD NA EKONOMIESE VRYHEID

Prof. Johan Fourie is 'n professor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch, stigterslid van die Afrika Ekonomiese Geskiedenisnetwerk

en voorsitter van die Ekonomiese Geskiedenisvereniging van Suider-Afrika. Die artikel is 'n uittreksel uit *Our long walk to economic freedom: Lessons from 100 years of human history*. Dit kos R310 en word uitgegee deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers.

WERKERS INGEVOER

Die manier wat mynbase gekies het om hierdie arbeidsprobleem op te los, was om werkers in te voer. 'n Vroeë eksperiment om net ná die Anglo-Boereoorlog 63 000 Chinese werkers die land in te bring, het misluk. Toe het hulle hul visier op swart werkers uit buurlande gestel. In 1900 het die Kamer van Mynwese die

Witwatersrand Native Labour Organisation, 'n werwingsagentskap vir trekarbeid bekend as WNLA of in die volksmond Wenela gestig. Gou het jong mans van Lesotho, Swaziland, Malawi en veral Mosambiek in Johannesburg begin aankom. **Teen die 1930's, tydens die bloeitydperk van die goudmynbedryf, het meer as 300 000 arbeiders op die myne gewerk, waarvan minstens die helfte van die Sul do Save-distrik in Mosambiek gekom het.**

Die historikus Charles van Onselen vertel dat hierdie werkers in treintrokke, wat dikwels stewig toegesluit was, op die Hoëveldse myne aangekom het om hul werklewe in toe mynkamponge wat deur die polisie gepatrolleer is, deur te bring. Die eerste is dat die trekarbeiders volgens 'n stelsel van uitgestelde vergoeding vergoed is. Daarvolgens is die helfte van die lone eers uitbetaal nadat hulle terug was in Mosambiek. Gepaardgaande met diefstal en korrupsie deur mense wat verantwoordelik was vir die vervoer van die werkers, word beraam dat hulle so min as 15% van hul lone ontvang het wanneer hulle uiteindelik terug was in Mosambiek.

Ongeag hiervan het swart werkers aangehou om die tog na Jozi te onderneem. Daar is bewyse dat hul lone, hoe klein dit ook al was, tog toestande vir hulle en hul gesinne verbeter het. **In 1967 het Malawi 'n nuwe arbeidswingsooreenkoms onderteken wat die aantal mynwerkers wat na Suid-Afrikaanse myne gestuur is, verdriedubbel het.** Sewe jaar later het 'n vliegtuig vol Malawiese mynwerkers neergestort. Dit het daartoe gelei dat Hastings Banda, president van Malawi, 'n moratorium van drie jaar lank op arbeidswerwing in die land geplaas het.

Die ekonome Taryn Dinkelman en Martine Mariotti het die werwingsooreenkoms en moratorium gebruik om die effek van hierdie inkomsteskok op die kinders van mense wat naby die werwingstasies vir die myne gewoon het, te beraam. Hulle het bevind die kans was 5-7% groter dat kinders wie se pa's in die werwingsgebiede (Wenela-distrikte) gewoon het en wat in daardie sewejaartydperk van skoolgaande ouderdom was, skool toe gegaan het. Dit is te verstane: Soos meer Malawiese mans Johannesburg toe gegaan het om op die myne te werk, het hul inkomste verbeter, wat hul kinders in Malawi in staat gestel het om skool toe te gaan.

In 'n ander verslag het Mariotti gekyk na kinders wat vóór en ná 1974 in Suid-Afrika se Transkei-gebied gebore is. Ná die vliegongeluk en daaropvolgende verbod op arbeidswerwing in Malawi moes mynbase alternatiewe bronne van arbeid vind.

Die aantal trekarbeiders uit Transkei het vinnig toegeneem. Mariotti het bevind dat kinders wat in die Transkei gebore is in die jare nadat

hul pa's na die myne is, vandag langer is as kinders wat net voor daardie trek-tydperk gebore is. Dit is verdere antropometriese bewyse van 'n verhoging in lewenstandaard as gevolg van werk op die myne. **Dit is 'n hartseer aanklag teen daardie tyd dat die verskriklike toestande op die myne dikwels 'n beter alternatief was as die armoede by die huis, hetsy in Malawi of Transkei.**

REAGEER BY STEMBUS

Die konstante mededinging tussen wit en swart arbeid is ná die Tweede Wêreldoorlog op die spits gedryf. Wit vroue en swart mans het die halfgeskoolde of selfs geskoolde poste gevul van die meer as 200 000 wit mans wat hul werk gelos het om in die oorlog te veg. Fabrieksbase het gou besef hulle kon wit vroue en swart mans minder betaal en dieselfde doeltreffendheid bereik as hoër besoldigde wit mans. Maar toe die wit soldate ná die oorlog terugkeer, het hulle verwag om hul werk terug te kry, net om te besef dat hulle nou moes meeding met mans en vroue wat hulle nooit as hul gelyke beskou het nie. **Hulle het op die enigste manier gereageer waarop hulle kon: By die stembus.**

In 1948 het die Nasionale Party – 'n klein populisteparty wat net 'n dekade vroeër tot stand gekom het en hom meestal tot die laer-inkomste-Afrikaners vir steun gewend het, die nasionale verkiesing met 37% van die stemme gewen. Sy teenstanders het geen duidelike plan gehad hoe om daardie tyd se raskwessies te hanteer nie.

In teenstelling daarmee het die Nasionale Party 'n baie duidelike visie gehad van 'n land waar wit en swart mense apart sou bly. Die stel wette en beleid wat die party net ná sy oorwinning begin instel het – waaronder die Groepsgebiedewet (1950), wat bepaal het waar Suid-Afrikaners kon bly en eiendom besit, die Bevolkingsregisterwet (1950), wat alle Suid-Afrikaners in vier rassegroepe geklassifiseer het, en die Wet op Bantoe-onderwys (1953), wat verskille in die kurrikulum en finansiering van wit en swart skole gewettig het – het as apartheid bekend gestaan.

Hierdie diskriminerende en onderdrukken-de beleid – waarvan baie 'n uitbreiding of intensifisering van die segregasiebeleid was wat in die eerste helfte van die eeu ingestel is – is in 1973 deur die Verenigde Nasies as 'n misdaad teen die mensdom veroordeel.

SNELLE EKONOMIESE GROEI

Een sleutelbeginsel van apartheid was die skepping van Bantoeestans, oftewel tuislande. Hoewel hulle geen internasionale erkenning geniet het nie, is alle swart Suid-Afrikaners as inwoners van een van hierdie “lande” beskou – en hulle kon dus net tydelik na die Suid-Afrikaanse stede gaan. Dit het tot arbeidstekorte

vir myn- en fabrieksbase in “wit Suid-Afrika” gelei. Dit was veral die geval vir geskoolde en halfgeskoolde beroepe.

Die eerste twee dekades ná die Nasionale Party se oorwinning was 'n tydperk van vinnige ekonomiese groei, nie net in Suid-Afrika nie, maar in baie dele van die Westerse wêreld. Nuwe tegnologieë (dikwels geskep vir oorlogsdoeleindes) het produktiwiteit in baie bedrywe verbeter, wat tot meganisering en 'n vraag na geskoolde werkers in die sekondêre en tersiêre sektore gelei het.

Maar die meesterbreine agter apartheid het hulle 'n baie ander gemeenskap voorgestel – een waarin beter opvoeding vir wit mense hulle sou toelaat om die goed betaalde, geskoolde poste te vul, terwyl 'n groot poel goedkoop, swart arbeid die ongeskoolde werk sou doen. Dit is die model wat in werklikheid in die eerste helfte van die eeu in werking was.

Die Wet op Bantoe-onderwys is spesifiek ontwerp om hierdie doel te vervul: Om swart werkers vir ongeskoolde poste en wit werkers vir geskoolde poste op te lei. Hierdie optrede het getoon dat die Nasionale Party se beleid nie net immoreel was nie, maar ook idioties: **Die ekonomie het wegbeweeg van ongeskoolde arbeid net toe die Nasionale Party gehoop het om meer ongeskoolde werkers op te lewer. Iets moes meegee.**

In 'n verslag wat in 2012 verskyn het, toon Mariotti ongeag wetgewing wat swart werkers verhinder het om halfgeskoolde poste te vul, het baie swart werkers teen die 1970's wel sulke poste gevul. Wit vakverbonde was natuurlik hewig gekant teen enige verslapping van die kleurslagboom, en het gedreig om hul steun na die regsgeinde Konserwatiewe Party te skuif as die Nasionale Party oorweeg om dit te doen. 'n Alternatiewe plan is beraam. Die beleidmakers het geredeneer: As swart werkers nie na die stede kon gaan nie, hoekom nie die fabriek na die werkers toe neem nie?

Die plan was om “grensnywerhede” te begin, met ander woorde fabriek op die grens van die tuislande. Die lokmiddel vir beleggers was die goedkoop arbeid wat in die tuislande beskikbaar was.

Albert Luthuli, ontvanger van die Nobelprys vir vrede, het in 1961 in sy boek *Let My People Go* oor die swak ekonomie van die plan gesê: “Wit nyweraars word genooi om fabriek op die grens van die armoedige tuislande te vestig. Die lokaas is goedkoop arbeid. Niks behalwe onmenslike, goedkoop arbeid kan die ekonomiese impak teenwerk om fabriek weg van spoorweë en kragbronne te plaas nie. Daar word aan ons gesê dat hierdie fabriek die tuislande se bevolking sal verryk. Dit sal beter as ooit met ons gaan. Daar word selfs aan ons gesê watter deel van die bevolking in hierdie grensnywerhede in diens geneem sal word, ▶

◀ alleenlik as ongeskoolde werkers.

“Heeltemal arbitrêr is daar gereël dat 40% van die tuislande se mense boere sal bly, terwyl 60% fabriekswerkers sal word. Die nywe- raars se reaksie op die regering se uitnodiging tot dusver is 'n paar klerefabrieke en 'n paar grondboontjiefabrieke. Grensnywerhede kan nie 60% van die mense in die tuislande in diens neem nie. Die ekonomie laat hom nie voorsê deur raskonsepte nie.”

Luthuli was reg. Vir die meeste onderne- mings was 'n verskuiwing na die platteland eenvoudig nie 'n opsie nie. Dit was te duur om produksiemiddele daar te bekom, asook geskoolde werkers wat eerder in stede wou bly binne bereik van dienste en geriewe wat groot opeenhoping van mense bied.

SKAARS SUKSESVERHALE

Daar was wel uitsonderings. Teen die laat 1970's het groot, arbeidsintensiewe vervaar- digers uit Asië hulle na hierdie spesiale eko- nomiese sones in die landelike tuislande van Suid-Afrika begin begeef.

Met uitgebreide “bamboesnetwerke” wat hulle aan voorsieningskettings in Taiwan, Hongkong en Suid-Korea verbind het, was hierdie maatskappye die skaars suksesverha- le. In 'n stadium was Transkei die wêreld se grootste vervaardiger van eetstokkies.

Maar ongeag 'n mate van infrastruktuur- belegging (die Nywerheidsontwikkelingskor- porasie beraam dat die koste om hierdie in- frastruktuur op te rig gelyk was aan 1,5% van die jaarlikse bruto binnelandse produk (BBP) vanaf 1972 tot 1979) en ruim aansporings, was daar min belangstelling binnelands in hierdie landelike tuislandsones. Toe die belasting- en loonaansporings in 1996 beëindig is, het on- dernemings toegemaak.

Op ander plekke in Suid-Afrika het fabriek- pleks daarvan om hul ligging te verskuif, geme- ganiseer deur (duur) kapitaaltoerusting in die plek van arbeid te gebruik. Dit was egter nie net vervaardiging wat meganiseer het nie.

Selfs die landbou – die sektor wat tradisio- neel ongeskoolde arbeid in diens geneem het – het begin verander. Terwyl die hoeveelheid bewerkte landbougrond vanaf 1946 tot 1976 gedaal het, het die aantal stropers, masjiene wat gebruik word om gewasse te oes en as plaasvervanger vir arbeid te dien, meer as tienvoudig toegeneem – van 1 722 tot 23 767.

Hierdie meganisasie regdeur die ekonomie het 'n belangrike gevolg gehad, een wat steeds vandag by Suid-Afrika spook: Die verlaging in die vraag na ongeskoolde arbeid het aanlei- ding tot hoë vlakke van werkloosheid gegee. Toe swart vakverbonde ontban is en op hoër lone vir swart mense begin aandring het, het meganisasie en werkloosheid verder verhoog. As formele werkloosheid én informele werk-



Pleks daarvan om fabriek se ligging te verskuif, soos deur apartheidswetgewing voorgestel is, het hulle gemeganiseer en duur kapitaaltoerusting in die plek van arbeid gebruik. Die landbou het ook verander. Terwyl die hoeveelheid bewerkte landbougrond vanaf 1946 tot 1976 gedaal het, het die aantal stropers meer as tienvoudig toegeneem – van 1 722 tot 23 767.

FOTO: ANTON ALBERTS

verskaffing ingesluit word, het die werkloos- heidskoers van net meer as 10% in 1976 tot meer as 50% in 2000 gestyg.

SANKSIES TWEESNYDENDE SWAARD

Die ekonoom Nicoli Natrass het die rentabi- liteitskoers van maatskappye tydens die apart- heidsera bereken. Sy het bevind dat lae lone vir swart mense tydens die 1940's en 1950's inderdaad tot 'n verhoging in wit lone en 'n toename in ondernemings se wins gelei het. Maar teen die 1960's het wins uit vervaardi- ging begin afneem. Teen die 1970's het wins uit mynbou hierdie afwaartse neiging gevolg.

Pleks daarvan om die ekonomie oop te maak om uitvoer aan te moedig, het die Suid-Afri- kaanse regering die roete van invoervervanging gekies vanweë internasionale druk en interne politiek. Dit het nie net werkers nie, maar ook aandeelhouders benadeel.

Natrass merk op dat tydens die 1970's en 1980's winsgewendheid “aanhou daal het weens afnemende kapitaalproduktiwiteit. Dit het, op sy beurt, byna vir seker uit apartheid- beleid gespruit wat groter kapitaalintensiteit, vernaamlik rasbepelings op die arbeidsmark en subsidies vir kapitaal ingesluit het.” Die gemiddelde jaarlikse groei in die BBP vanaf 1948 tot 1974 was 5%. Dit het tot net 1,5% in die daaropvolgende twee dekades gedaal.

Hoekom, moet 'n mens vra, het politieke verandering só lank geduur as die ekonomiese situasie só nypend was?

Een, dalk teenintuïtiewe antwoord, is dat dit so lank geduur het as gevolg van die swak ekonomie. Dit was 'n warm besprekingspunt teen die 1980's: Sou internasionale sanksies wat ekonomiese toestande – vir wit én swart Suid-Afrikaners – versleg het, hul doel van 'n vinniger oorgang na demokrasie bereik?

In een opsig lyk dit duidelik dat dit sou: As

ji iemand seermaak, behoort hulle te verander wat hulle aan die doen was om die pyn te beëindig. Maar die ekonoom Mats Lundahl verduidelik hoekom sanksies dalk nie die ge- wenste uitwerking gehad het nie: “Sanksies het verskillende uitwerkings op verskillende groe- pe, net soos die apartheidstelsel. Party groe- wen, ander verloor. Daar is dus ruimte vir 'n konflik van belange binne die wit gemeenskap. As die groepe wat voordeel sal trek as sank- sies ingestel word, politieke invloed het, kan die sanksie-wapen heeltemal in die verkeerde rigting werk.”

Die internasionale handels- en beleggings- boikotte het, soos die ekonoom Merle Lipton bevind het, die Suid-Afrikaanse regering teen- oor ander dele van die gemeenskap versterk. Dit het apartheid verleng pleks van om 'n einde daaraan te maak. Dieselfde het dalk vir Ro- bert Mugabe se Zimbabwe gegeld. Sanksies het hom politieke legitimiteit gegee – hy kon 'n vyand van buite die skuld gee vir die ellende wat Zimbabwe ná die grondhervormingspro- gram van 2000 ervaar het.

Apartheid het uiteindelik geëindig omdat, soos Luthuli reeds in 1961 opgemerk het, die ekonomie hom nie deur raskonsepte laat voorsê nie. Die koste van die onderdrukking van swart weerstand, instromingsbeheer en arbeidsmarkbeleide wat swart werkers verhin- der het om halfgeskoolde of geskoolde werk te doen, onderwysbeleid wat 'n wanverhou- ding geskep het tussen wat maatskappye be- nodig het (geskoolde werkers) en wat gelewer is (ongeskoolde werkers) en makro-ekonomie- se beleid, soos deviesbeheer, het die voorde- le vir wit Suid-Afrikaners begin oortref. Dit het die laaste apartheidseleiers met min alter- natiewe gelaat. Die stelsel het ineengestort, en dit het gelei tot 'n nuwe, demokratiese era met die politieke vryheid waarvoor soveel swart Suid-Afrikaners geveg het. **LBW**